

Generiese medisyne



medihelp

120⁺
JAAR

Volledige dekking vir generiese medisyne

Medihelp probeer altyd maniere vind om tasbare waarde vir lede te bied en uitgawes wat hulle self moet betaal, te verminder. Daarom bied ons jou 100% dekking indien jy generiese medisyne gebruik.

Jou medisynevoordele

Medisyne wat jy uit die spaarrekening eis, word ten volle betaal. Indien jou plan voordele vir dag-tot-dag-dienste, akute en nie-VMV- chroniese medisyne bied, sal jou medisynevoordele soos volg werk:

Generiese medisyne

100% van die MMAP* onderhewig aan beskikbare voordele

Oorspronklike medisyne indien geen generiese middel beskikbaar is nie

80% van die MT** onderhewig aan beskikbare voordele

Vrywillige gebruik van oorspronklike medisyne indien generiese middels beskikbaar is

70% van die MMAP* onderhewig aan beskikbare voordele

Wat is generiese medisyne?

Mense vergelyk dikwels oorspronklike medisyne en generiese medisyne met mekaar, maar is daar 'n verskil?



Dosis

- ✓ Generies
- ✓ Oorspronklik



Aktiewe bestanddele

- ✓ Generies
- ✓ Oorspronklik



Sterkte

- ✓ Generies
- ✓ Oorspronklik



Prys

- ✓ Generies
- ✓ Oorspronklik

Daar is net een verskil – die prys

Wat is generiese medisyne?

Generiese medisyne is presies dieselfde as die oorspronklike medisyne, maar dit kos jou minder. Vra gerus jou dokter of apteker vir die generiese ekwivalent van die oorspronklike medisyne. Jy sal daarby baat deurdat jy geen bybetalings hoef te maak nie en jou beskikbare voordele sal langer hou.

*MMAP – Maximum Medical Aid Price

**MT – Medihelp-tarief
MedSaver & MedAdd



Waarom is generiese medisyne soveel goedkoper?


Voordat 'n nuwe middel aan die publiek beskikbaar gestel mag word, moet daar omvattende navorsing gedoen word om te verseker dat dit doeltreffend en veilig is. Hierdie navorsing kos miljoene rande en die farmaseutiese maatskappye registreer 'n patent op die middel om 'n deel van die navorsing- en ontwikkelingskoste te verhaal.

Nadat die patentreg verstryk het, kan ander farmaseutiese maatskappye dieselfde dosis, aktiewe bestanddele en sterkte gebruik, maar onder 'n ander handelsnaam. Hierdie maatskappye hoef nie weer al die navorsing te herhaal nie, wat beteken dat die generiese middel heelwat goedkoper is. Die vervaardiger van die generiese middel moet bewys dat die medisyne net so doeltreffend en van dieselfde gehalte as die oorspronklike middel is.

Medihelp se voorkeurapteeknetwerk

Meer as 2 000 apteke regoor Suid-Afrika is deel van die Medihelp-voorkeurapteeknetwerk. Hierdie apteke resepteer medisyne teen 'n fooi wat ooreenstem met Medihelp se befondsingstruktuur, wat verseker dat jy jou medisyne teen die kostedoeltreffendste resepteringsfooi kry.

Verspreiding van netwerkapteke



medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738)

